**Sessie 3. ‘n Getransformeerde lewe**

Reg deur Paulus se briewe maak hy van ‘n besondere skryfstyl gebruik waarin hy eers ‘n saak goed verduidelik en dan daarna mense aanmoedig om dit prakties uit te leef (indikatief-imperatief).




In die brief aan die Romeine kom dit op die volgende neer.

1. Bekendstelling (Rom. 1).
2. **Die indikatief (Rom. 1-7)**. Jy is deur geloof, sonder dat jy dit verdien, deur God se genade regverdig verklaar. Daarom is daar nou tussen jou en God vrede.
3. **Die imperatief (Rom. 8-15)**. Moet dus nie langer as slawe van sonde leef nie. Laat toe dat God se Gees jou verstaan van God, jouself en die gemeenskap waarin jy leef en jou styl van lewe transformeer.
4. Groete (Rom. 16).

In vandag se sessie gee ons dus aan die derde gedeelte (imperatief) aandag gee, waarin Paulus oor die inhoud van ‘n getransformeerde lewe praat. Hierin blyk drie dinge sentraal.

- **Jou nuwe STATUS in God.**
- **Deel van ‘n nuwe GEMEENSKAP.**
- **Op pad na ‘n nuwe TOEKOMS.**




Kom ons volg die verloop van hierdie drie gedeeltes in Romeine.

**‘n Nuwe STATUS in God**

Romeine 7-8 lei hierdie gedeelte op ‘n besondere manier in. Ons gaan dit saam deurlees en vir ‘n oomblik by kern gedagtes stilstaan.

- Hoe kan jy vandag met Paulus se stryd in Rom. 7:15-24 vereenselwig? Lees ook weer Rom. 3:12.

> Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, self nie een nie (Rom. 3:12).

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

- Die feit dat God begrip het vir sy stryd met sy onvolmaaktheid het Paulus se teologie (denke oor wie God is) kom verander. Hoe resoneer die gedeelte in Rom. 7:24-25 asook 8:1 in jou lewe?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

- Wat sou dit beteken om volgens Rom. 8 nie langer deur die wet te leef nie, maar toe te laat dat God se Gees jou lewe beheer? (8:3).

  Paulus praat nie hier oor ‘n tipe van geestesvervoering (emosionele ervaring) wat gediskonnekteer is van die realiteite en rede van die lewe nie. Dit is ook nie die afskeid neem van beginsels waarin ons oorgelaat word aan ‘n “any thing goes” (9:6) mentaliteit in ons godsdiens waar alles net grys is nie. Die Gees inspireer

ons eerder tot dade wat “lewe en vrede” gee (8:6). Ons gaan later in Rom. 12 spesifiek hierby uitkom.

...............................................................................................................................
...............................................................................................................................
...............................................................................................................................
...............................................................................................................................

Wanneer ons en ander mense se nuwe status in God ter sprake kom speel God se soewereiniteit in Rom. 9-11:36 weereens ‘n belangrike deurslaggewende rol in ons geloof.

Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. Dit hang dus nie af van die mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is. Rom. 9:15 (sien ook Eksodus 33:19).

--------------------

Wat is dus nou ons gevolgtrekking? Dit: heidene het nie God se vryspraak gesoek nie, maar dit wel gekry – die vryspraak deur die geloof. Israel daarenteen, het ‘n wet gesoek waardeur hulle God se vryspraak sou kon kry, maar by so ‘n wet het hulle nie uitgekom nie. Rom. 9:30-31.

--------------------


Ons staan hier voor ‘n geheimenis, broers, en ek wil hê julle moet weet wat dit is, sodat julle nie te selfversekerd sal wees nie. Rom. 11:25.


--------------------

Wie ken die bedoeling van die Here? Rom. 11:34.

**Deel van ‘n  nuwe GEMEENSKAP en TOEKOMS**

Wat is die aard en karakter van die geloof waaroor Paulus praat? Vir Paulus word godsdiens op ‘n baie praktiese wyse getoets deur die manier waarop ons leef.




Geloof is nie vir Paulus net iets wat sy lewe op ‘n dag, toe hy tot bekering gekom het, verander het nie. Ons groei in geloof soos wat die lewe met ons gebeur en ons daardeur verander word. Hierin speel die mense en gemeenskap saam met wie waarin en ons leef ‘n belangrike rol.

In die gemeente van Rome, soos elders in die vroeë gemeentes, was daar ‘n groot spanning tussen Joodse en heiden gelowiges oor die aard en karakter van die vroeë kerk. Wat is dus die wesenlike van godsdiens? Joodse gelowiges het nog sterk vasgehou aan ou Joodse tradisies en gebruike wat vir hulle wesenlik was. Dit was in hierdie lig dat Paulus die volgende belangrike gedeeltes skryf:

- Lees Romeine 12:1-21
- Lees Romeine 13:8-10
- Lees Romeine 14:1-23

**Hoe praat Romeine met ons vandag oor die geloof waar vanuit ons leef?**

1. Hoe gemaak wanneer gelowiges op grond van hulle geloofsoortuigings met mekaar verskil en hulle van mekaar se standpunte (en kerke) wil distansieer?

............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................

2. Wat dink jy sou vandag in ons eie konteks wesenlik wees?

............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................